# GEDRAGSKODE

Die Gereformeerde Skool Dirk Postma streef daarna om verbondskinders in die lig van God se Woord op te voed, om as gelowige kinders van God, Sy lig te midde van 'n sondige wêreld te laat skyn. Om dié doel te bereik, is daar sekere beginsels in die Skrif neergelê om vir elke kind 'n veilige, gelukkige en geborge ruimte te skep waarbinne hy kan ontwikkel volgens sy Godgegewe gawes. As leerders, ouers en opvoeders staan ons hierin saam voor ons Hemelse Vader om hierdie groot taak tot eer en verheerliking van Sy naam te volvoer.

## DOEL VAN DIE GEDRAGSKODE

Die gedragskode se strewe is:

1. om die leerders liefdevol te lei tot die aanvaarding van gesag, aangesien alle gesag van die Here afkomstig is.
2. om 'n ordelike skoolmilieu te skep waarbinne gereformeerde onderrig en opvoeding maksimaal kan realiseer.
3. om die leerders aan te moedig tot konstruktiewe samewerking in die opvoedingsgebeure.
4. die voorkoming en hantering van wangedrag volgens Bybelse beginsels.

## ALGEMENE GEDRAGSKODE VIR LEERDERS

Elke leerder verbind hom/haar tot die volgende:

1. om in sy / haar doen en late die inhoud van die Heilige Skrif soos bely in die Drie Formuliere van Eenheid en gehandhaaf in die Gereformeerde en Vrye Gereformeerde Kerke van Suid-Afrika, te handhaaf en daadwerklik uit te leef.
2. om die Bybel as Woord van God te respekteer en sy/haar lewe en werk op skool en by die huis daarvolgens in te rig.
3. om alle mense met liefde en respek te behandel.
4. om sy/haar skool-, huiswerk en alle ander opdragte pligsgetrou en noukeurig uit te voer.
5. om, waar moontlik, aan skoolaktiwiteite deel te neem tot voordeel van sy/haar en sy/haar mede-leerders se vorming en opvoeding
6. om alle skoolreëls, soos vervat in hierdie dokument, getrou na te kom.
7. om die kleredragreëls van die skool te gehoorsaam en buite die skool (op skoolverwante uitstappies) netjies en fatsoenlik en in ooreenstemming met die skoolreëls aan te trek.

## SKOOLREËLS VIR DIE HOËRSKOOL

### Klaswisselings en gedrag tydens klastyd

1. Klaswisselings moet vinnig en op 'n ordelike wyse geskied.
2. Leerders moet vinnig van klas tot klas beweeg en nie in groepe staan en kuier nie.
3. Leerders moet betyds wees vir klasse.
4. Leerders mag slegs die klaskamers met toestemming van die betrokke onderwyser verlaat.
5. Leerders mag nie klasse ontwrig nie.

+27 (0)12 332 3222 | gsdp@gsdp.co.za | www.gsdp.co.za
**Adres** Cunninghamlaan 1182, Waverley, 0186
**NPO** 026-603 | **EMIS** 700220137 | **Umalusi** 16 SCH01 00125

6. Huiswerk moet altyd volledig gedoen wees.
7. Alle handboeke en skrifte wat vir ‘n betrokke dag benodig word, moet by die skool wees. Boeke wat in sluitkassies gebêre word, moet voor skool en tydens pouses uitgehaal word.
8. Geen huiswerk mag afgeskryf word nie.
9. Daar mag nie tydens toetse of eksamens afgekyk word nie.
10. Leerders mag nie tydens klastye eet of drink nie. Kou van kougom is verbode.
11. Leerders moet sorg dra dat kommunikasie vanaf die skool aan die ouers deurgegee word, en dat korrekte inligting verskaf word.
12. Hou by die klasreëls van die betrokke onderwyser.

<u>Gedrag tydens pouses</u>

1. Leerders mag nie tydens pouses in die klaskamers of op stoepe wees nie.
2. Leerders mag nie tydens pouses in die fietsloods kom nie.
3. Gevaarlike speletjies moet vermy word.
4. Die terrein mag nie sonder toestemming van die hoof of fasehoofde verlaat word nie.
5. Ons respekteer mekaar. Dus is boeliegedrag ontoelaatbaar. Enige boeliegedrag moet dadelik aangemeld word by ‘n onderwyser op terreindiens.
6. Leerders mag nie kitskos bestel en by die skool laat aflewer nie.
7. Fisiese kontak tussen leerders is ontoelaatbaar.
8. Leerders mag op sportbane speel tydens pouse. Leerders moet hulself vergewis van die reëls t.o.v. die gebruik van die sportbane.
9. Enige probleme wat opduik, moet onmiddellik aan die onderwyser op terreindiens deurgegee word.

<u>Skoolbywoning</u>

1. Ouers moet die skool of voogonderwyser voor 8:00 in kennis stel indien ‘n leerder afwesig is. Indien ‘n leerder vir twee of meer dae afwesig is, moet die skool van ‘n doktersbrief voorsien word.
2. Sou ‘n leerder gedurende eksamentye of op toets- en portefeuljedae afwesig wees, benodig ons ‘n mediese sertifikaat. Sonder ‘n mediese sertifikaat staan die leerder ‘n kans om 0% vir ‘n betrokke opdrag / vraestel te kry.
3. Afsprake vir leerlinglisensies, rybewyse, identiteitskaarte en paspoorte moet verkieslik na skoolure gemaak word. Indien dit wel in skooltyd moet gebeur, verkry vooraf goedkeuring van die hoof of fasehoofde.
4. Leerders wat voor 10:00 uitgeteken word, sal as afwesig gemerk word.
5. Indien ‘n leerder die skoolterrein moet verlaat, moet die ouer/voog die leerder persoonlik by die skool afhaal. Die leerder moet in die skoolkantoor vir sy/haar ouers/voogde wag. Die ouers/voogde moet die leerder voor hy/sy die kantoor verlaat, eers uitteken in die register wat in die kantoor beskikbaar is. Leerders mag nie self hul ouers kontak om hul te kom haal nie.
6. Ouers word versoek om nie hul kind/ers gedurende skooltye uit die skool te haal om ‘n langnaweek te verleng of om laat terug te keer vanaf vakansie nie.
7. Stokkiesdraai of glip van ‘n periode is ontoelaatbaar.
8. Siek leerders / beserings op die terrein:
    a. Personeel mag, as gevolg van wetgewing, geen medikasie aan leerders uitdeel of dit toedien nie.
    b. 'n Siek leerder wat voorgeskrewe medikasie moet ontvang, handig die medikasie, saam met 'n skriftelike toestemming dat die administratiewe beamptes die medikasie mag toedien, by die kantoor in en die leerders moet, op die tyd wanneer hy / sy die medikasie moet inneem, na die kantoor gaan. Die leerder moet die medikasie self weer by die kantoor haal as hy/sy dit huis toe moet neem.

c. Verwittig dadelik die administratiewe beampte of personeellid op terreindiens in geval van 'n besering of siekte van 'n leerder.

Buitemuurse aktiwiteite

1. Indien ‘n oefening of wedstyd nie bygewoon kan word nie, moet verskoning vroegtydig by die afrigter gemaak word.
2. Leerders moet self na hul besittings omsien.
3. Slegs die korrekte voorgeskrewe sportdrag mag tydens sportbyeenkomste gedra word.
4. Leerders moet stiptelik wees vir oefeninge en wedstryde.
5. Leerders mag nie met skeidsregtes/beamptes tydens wedstryde verskil nie. Bespreek probleme na die wedstryd met die afrigter.
6. Openbaar te alle tye goeie sportmangees.

Geboue, terreine en skooleiendom

1. Leerders moet alle fasiliteite waardeer en met respek behandel.
2. Die terrein, kleedkamers en klaskamers moet ten alle tye netjies en skoon gehou word.
3. Ouers/voogde is verantwoordelik vir enige skade deur ‘n leerder aangerig.
4. Vandalisme is ontoelaatbaar. Leerders mag nie op skoolbanke of op enige skooleiendom skryf of krap nie (graffiti).

Kleedkamers

1. Leerders mag nie in kleedkamers speel of kuier nie.
2. Rapporteer lekkende krane, verstopte toilette en ander probleme aan die administratiewe beampte.
3. Hou die kleedkamer, toilette en spieëls netjies en skoon.
4. Moenie enige voorwerpe in die toilet afspoel nie.
5. Ouers/voogde is verantwoordelik vir enige skade deur ‘n leerder aangerig.

Fietse, motorfietse en motorvoertuie

1. Bêre fietse in die fietsloods. Sluit die fiets vas aan die rame daarvoor aangebring.
2. Leerders moet hul fietse na en van die fietsloods stoot. Moenie op die skoolterrein ry nie.
3. Leerders met motors/motorfietse moet te alle tye stadig op die skoolterrein ry en op hul hoede wees vir ander persone wat op die terrein beweeg.
4. Parkering van enige fiets of voertuig is op eie risiko en die skool is gevrywaar van enige skade of verlies.
5. Leerders wat met motorvoertuie of motorfietse skooltoe kom, moet ‘n geldige rybewys hê.
6. Parkering vir leerders is gereserveer by die parkeerterrein van die kerk.
7. Geen leerder mag ‘n afstandbeheer van die skool en/of kerk se hekke hê nie.

Selfoonbeleid

GSDP is ‘n selfoonvrye skool. Die volgende reëls en riglyne geld t.o.v. die hantering van selfone:

1. Graad 8- en -9-leerders gaan aan die begin van elke dag hul selfone by hul voogonderwysers inhandig.
2. Die selfone veilig in die kantoor bewaar word (toegesluit in ‘n kas), en aan die einde van die dag weer aan die leerlinge oorhandig.

3. Soms gebeur dit dat onderwysers in die klas ‘n aktiwiteit doen waar leerders wel hul selfone gebruik. Ons sal dit mooi bestuur en beplan sodat ook hierdie onderrig steeds kan voortgaan.
4. Graad 10- tot 12-leerders mag hul fone by hul hou, maar die foon moet afgeskakel wees en in die tas gebêre word.
5. Ons versoek leerders om asseblief psalmboeke vir openinge saam te bring skooltoe, want hul mag nie fone gebruik vir die sing van psalms nie.
6. Indien leerders hul ouers gedurende skooltyd moet kontak, kan hul vir mev. Marion Boersema in die kantoor, of hul voogonderwyser, vra om die ouers te skakel.
7. Indien ‘n leerder nie sy selfoon inhandig nie, sal die selfoon gekonfiskeer word, en die leerder sal die nodige straf ontvang. Die ouer/s sal dan die selfoon by die kantoor moet kom afhaal, en ‘n R100 boete betaal.
8. Die skool sal kwartaalliks die beleid hersien, en kan, indien dit nodig geag word, ook die graad 10- tot 12-leerlinge se fone inneem tydens voogperiode, en die boete-bedrag verhoog.

<u>Algemeen</u>

1. Die skool dra geen verantwoordelikheid vir enige waardevolle items, insluitende soos selfone, slimhorlosies, fietse en kameras nie. Ons stel voor dat leerders hierdie items tuis los.
2. Vergewis jouself van die Kunsmatige Intelligensie (KI)- en Sosiale Media-beleid van die skool. Sien die afdeling in die dagboek oor die gebruik van KI en Sosiale Media by die skool.
3. Geen leerder mag op die skoolterrein / by ‘n skoolaktiwiteit / in skooldrag enige afhanklikheidsvormende middels gebruik nie. Dit sluit onder andere in rook, damprook, nikotiensakkies, alkohol en dwelmgebruik.

<u>Skooldrag en voorkoms</u>

Die leerders dra hul voorgeskrewe skooldrag gedurende skooltye en by skoolfunksies, bv. redenaarswedstryde, opedae, ensovoorts. Die skooldrag is by Totiusdal Handelshuis beskikbaar.

**<u>Voorkomsreëls vir seuns</u>**

1. Hare moet netjies en goed versorg wees, en nie langer as 4cm nie. Lang kuiwe en uitspattige haarstyle, bv. ‘mullet’-haarstyle, word nie toegelaat nie. Kuiwe wat oor die wenkbroue hang, of te lang hare bo (uit verhouding met die kante) is nie toelaatbaar nie. Hare mag nie aan die ore of kraag raak nie. Hare mag nie gekleur word nie. Jel word toegelaat, solank dit nie uitspattig is nie.
2. Seuns moet 'n gladgeskeerde voorkoms hê. Leerders wat nie geskeer is nie, sal van ‘n wegdoenbare skeermes voorsien word en ouers se rekening sal gedebiteer word om onkoste te dra. Wangbaarde mag nie laer as die middeloor strek nie.
3. Kettings, ringe, hangertjies, armbande of oorbelle is ontoelaatbaar.
4. Hemde moet altyd ingesteek wees.
5. Gekleurde T-hemde onder skoolhemp en / of wat uitsteek, mag nie gedra word nie.
6. Sorg dat skoolskoene netjies en gepoleer is.
7. Tatoeëermerke is ontoelaatbaar.

**<u>Voorkomsreëls vir dogters</u>**

1. Dogters se hare moet vasgebind en skoon wees.  Geen vreemde of uitspattige haarstyle word toegelaat nie. Lang kuiwe en hare wat aan die kraag raak, moet vasgebind word. Alle haartoebehore moet in die skoolkleure wees. Slegs eie natuurlike haarkleur word toegelaat.
2. Naels mag nie oor die vingerpunte steek nie.  Slegs deurskynende naellak is toelaatbaar. Naels moet kort en natuurlik wees.
3. Grimering, lipstiffie en maskara is verbode. Permanente grimering word nie toegelaat nie. Ligte onderlaag in 'n natuurlike kleur is toelaatbaar slegs met mediese motivering.
4. Dogters mag slegs een oorbel in elke oor dra, en slegs in die onderste gaatjie van elke oor. Slegs standaard goue of silwer oorknoppies (studs) – die deursnee mag nie 5 mm oorskry nie - of oorringetjies met 'n deursnee tot 15 mm en breedte van nie meer as 2 mm is toelaatbaar. Klein pêrel oorknoppies van dieselfde grootte as goue of silwer oorknoppies is toelaatbaar.
5. Kettings, hangertjies, armbande of versierings is ontoelaatbaar. Dogters mag net een seëlring van goud of silwer dra.
6. Tatoeëermerke is ontoelaatbaar.

**<u>Skooldrag vir seuns en dogters</u>**:

**Hoërskooldogters:  Somer**

| **Item** | **Spesifikasie** | **Waar beskikbaar?** |
|---|---|---|
| Romp | Donkerblou A-lynromp (lengte: nie korter nie as 10 cm vanaf die grond as dogter kniel) | Totiusdal Handelshuis |
| Hemp | Wit getailleerde skoolbloes met skoolwapen | Totiusdal Handelshuis |
| Kouse | Wit, kort omslaansokkies | Eie keuse |
| Skoene | Swart skoolskoene met bandjies of toeryg | Eie keuse |
| Trui | Donkerblou met wit streep in die V-nek oortrektrui (skooltrui) | Totiusdal Handelshuis |
| LO-klere | Donkerblou GSDP seilbroek en sosialedraghemp | Totiusdal Handelshuis |
| Baadjie | Donkerblou | Totiusdal Handelshuis |
| Sakwapen | Sakwapen vir baadjie: GSDP | Totiusdal Handelshuis |

**Hoërskooldogters:  Winter**

| **Item** | **Spesifikasie** | **Waar beskikbaar?** |
|---|---|---|
| Romp | Donkerblou A-lynromp (lengte: nie korter nie as 10 cm vanaf die grond as dogters kniel) | Totiusdal Handelshuis |
| Kouse saam met romp | Donkerblou "tights" saam met romp of lang donkerblou kniekouse | Totiusdal Handelshuis |
| Langbroek | Donkerblou | Totiusdal Handelshuis |
| Kouse | Lang donkerblou kouse/"tights" of wit / donkerblou sokkies by langbroek | Totiusdal Handelshuis |
| Hemp en das | Wit langmouhemp; donkerblou das met wapen | Totiusdal Handelshuis |
| Skoene | Swart skoolskoene met bandjies of toeryg | Eie keuse |

| | | |
|---|---|---|
| Trui | Donkerblou met wit streep in die V-nek oortrektrui (skooltrui) | Totiusdal Handelshuis |
| Baadjie | Donkerblou | Totiusdal Handelshuis |
| Sakwapen | Sakwapen vir baadjie: GSDP | Totiusdal Handelshuis |
| LO-klere | Donkerblou seilbroek en sosialedraghemp | Totiusdal Handelshuis |
| Serp, handskoene | Donkerblou of wit (effekleurig) – skoolserp | Totiusdal Handelshuis |
| Das | Donkerblou met skoolwapen | Totiusdal Handelshuis |

**Hoërskoolseuns: Somer**

| **Item** | **Spesifikasie** | **Waar beskikbaar?** |
|---|---|---|
| Broek | Grys kort- of langbroek | Eie keuse |
| Hemp | Wit, kortmou, toeknoop met skoolwapen | Totiusdal Handelshuis |
| Kouse | Grys kniekouse | Eie keuse |
| Skoene | Swart toeryg skoolskoene | Eie keuse |
| Baadjie | Donkerblou | Totiusdal Handelshuis |
| Sakwapen | Sakwapen vir baadjie: GSDP | Totiusdal Handelshuis |
| Trui | Donkerblou met wit streep in die V-nek oortrektrui (skooltrui) | Totiusdal Handelshuis |
| LO-klere | Donkerblou seilbroek en sosialedraghemp | Totiusdal Handelshuis |

**Hoërskoolseuns: Winter**

| **Item** | **Spesifikasie** | **Waar beskikbaar?** |
|---|---|---|
| Broek | Grys kort- of langbroek | Eie keuse |
| Hemp en das | Wit, langmou toeknoop met donkerblou das | Totiusdal Handelshuis |
| Kouse | Grys kniekouse | Eie keuse |
| Skoene | Swart toeryg skoolskoene | Eie keuse |
| Trui | Donkerblou met wit streep in die V-nek oortrektrui (skooltrui) | Totiusdal Handelshuis |
| Baadjie | Donkerblou | Totiusdal Handelshuis |
| Sakwapen | Sakwapen vir baadjie: GSDP | Totiusdal Handelshuis |
| LO-klere | Donkerblou seilbroek en sosialedraghemp | Totiusdal Handelshuis |
| Serpe en hand-skoene | Donkerblou of wit (effekleurig) - skoolserp | Totiusdal Handelshuis |
| Das | Donkerblou met skoolwapen | Totiusdal Handelshuis |

**Sosiale drag**

Die hoërskoolleerders mag / kan op Vrydae (soos ooreengekom) die voorgeskrewe sosiale drag dra:

**Somer: Seuns en Meisies**

| | | |
|---|---|---|
| Broek | Seilbroek (blou), GSDP op broekspyp geborduur (maak seker die broek is die korrekte grootte en nie te kort of te styf nie)<br>Of<br>**Lang** vlootblou (navy) denimbroek of vlootblou denim kniebroek. Geen geskeurde of verbleikte denims. | Totiusdal Handelshuis |
| Hemp | Gholfhemp (rooi en blou)<br>Meisies – hemp met ritssluiter<br>Seuns – hemp met knope | Totiusdal Handelshuis |
| Skoene | Plakkies of tekkies | Eie keuse |

**Winter: Seuns en Meisies**

| | | |
|---|---|---|
| Broek | Vlootblou (navy) denim langbroek. Geen geskeurde of verbleikte denims, OF GSDP Seilbroek (blou), (maak seker die broek is die korrekte grootte en nie te kort of te styf nie) | Eie keuse |
| Hemp | Gholfhemp soos vir somer | Totiusdal Handelshuis |
| Kappietop | Grys met skoolwapen in rooi voorop gedruk. | Totiusdal Handelshuis |
| Skoene | Tekkies of vellies. Geen stewels nie. | Eie keuse |

**Matriekdrag**: Die styl van die matriekdrag is gestandaardiseer. Leerders, onder leiding van die voogde, mag die kleur van die das kies.

**Sportdrag**: Sportdrag soos vir die spesifieke sportsoort voorgeskryf. Leerders se liggame moet behoorlik bedek wees. Nousluitende en deursigtige kleding is ontoelaatbaar.

**Gewone klere**: Die hoofde laat die aantrek van gewone klere vir spesiale geleenthede toe, maar dit moet betaamlik wees. Nousluitende en deursigtige kleding, en broeke en rompe wat te kort is, is ontoelaatbaar. Rompies en kortbroeke mag nie korter wees as voorgeskrewe lengte van die skoolromp nie. Spaghetti-bandjies is verbode. Maag moet toe wees. Simbole en prente op klere moet skaflik wees.

**RIGLYNE VIR DISSIPLINÊRE STELSEL VIR HOËRSKOOL**

1. **Inleidende opmerkings**

1.1 Die stelsel het ten doel om:
1.1.1 God se wil tot Sy eer te laat geskied
1.1.2 leerders tot sondebesef en berou te bring
1.1.3 die skoolgemeenskap en mede-leerders op te bou
1.1.4 die onderrigsituasie optimaal te bevorder
1.1.5 ouers betrokke by hulle kinders te laat wees
1.1.6 insidente wat in die media kan verskyn, te voorkom

1.2 Die stelsel het nie ten doel om die onderwyser in die proses te straf nie.

2. **Kategorieë vir oortredings**

2.1 Kategorie A (hoofde / bestuur):
2.1.1 Moedswillige en doelbewuste oortredings wat eiendom van die skool, ander leerders of van onderwysers beskadig.
2.1.2 Doelbewuste oortreding om die lewe van 'n ander leerder / onderwyser te bedreig / te neem.
2.1.3 Oortreding van enige landswette waarvoor die SAPD 'n saak open.
2.1.4 Oortreding wat gelei het tot hofsake, hetsy siviel of krimineel.
2.1.5 Oortreding, soos beskryf in die seksuele molestering protokol, soos deur die Department van Onderwys opgestel.

2.2 Kategorie B (Hoofde, adjunkhoof,fase-hoofde en ouers)
2.2.1 Oortredings uit kategorieë C en D wat 'n geskiedenis van herhalings het en wat twee of meer kere al onder die ouer se aandag gebring is.
2.2.2 Oortreding wat gelei het tot onbewuste nalatige beskadiging van eiendom van ander leerders of onderwysers.
2.2.3 Oortreding wat lei tot onbewuste nalatige bedreiging van ander leerders of onderwyser se lewens.
2.2.4 Oortredings wat tot moontlike hofsake kan lei.
2.2.5 Gebruik van enige afhanklikheidsvormende middels op die skoolterrein en / of in skooluniform op ander persele.
2.2.6 Afwesigheid van skool sonder doktersbrief wanneer leerder meer as drie dae afwesig is en / of afwesighede sonder toestemming van ouers of 'n onderwyser.
2.2.7 Uittartende gedrag en onresepekvolle gedrag teenoor onderwysers.

2.3 Kategorie C (betrokke onderwyser en ouers)
2.3.1 Oortreding uit kategorie D, wat by herhaling voorkom, maar waarvan die vorige straf geen effek gehad het nie.
2.3.2 Wangedrag in skooluniform op ander skoolterreine en / of persele.
2.3.3 Opdragte vyf (5) dae laat en nog nie ingegee nie.

2.4 Kategorie D (word hanteer deur die betrokke onderwyser)
2.4.1 Oortreding van enige skoolreëls oor algemene gedrag en optredes, voorkoms en die gebruik van fietse, motorfietse en motors.
2.4.2 Herhaalde oortreding van enige van die skoolreëls tot en met drie herhalings.
2.4.3 Nalaat om huiswerk te doen; maksimum van drie keer by betrokke onderwyser.
2.4.4 Laat inhandiging van opdragte.

3. **<u>Tugmaatreëls</u>**

3.1 Vir Kategorie A:

3.1.1 Kontak die ouers, asook die nodige departemente.

3.1.2 Stel die voorsitter van GSDP-bestuur in kennis.

3.1.3 Onmiddellike skorsing, sodat interne ondersoek kan plaasvind.

3.1.4 Skorsingstydperk: 'n Maksimum van sewe (7) dae, wat verleng kan word, indien nodig, of totdat die hofsaak afgehandel is en / of totdat die GSDP-bestuur die leerder weer tot die skool toelaat.

3.2 Vir Kategorie B:

3.2.1 Die hoof kontak die ouers onmiddellik en die ouers moet so gou moontlik die saak met die hoof bespreek. Tydens die bespreking tussen die hoof en die ouers, besluit hulle op 'n toepaslike straf.

3.2.2 Die hoof en ouers bespreek die volgende voorstelle vir tugmaatreëls:

i) Permanente skorsing

ii) Tydelike skorsing (1 tot 7 skooldae)

iii) Gemeenskapdiens met die oog daarop om iets daaruit te leer

3.3 Vir Kategorie C:

3.3.1 Die betrokke onderwyser kontak die ouers telefonies of via die leerder se dagboek om die saak te bespreek en om die ouer te vra om die nodige tugstappe te neem.

3.3.2 Tugmaatreëls sluit onder meer die volgende in:

i) Uitskryfwerk

ii) Ekstra oefeninge

iii) Opvoedkundige gemeenskapdiens

iv) Die voogonderwyser rig 'n standaardbrief aan ouers met die oortreding(s) van die leerder en versoek skriftelike terugvoer van die ouers aan die hoof.

3.4 Vir Kategorie D:

3.4.1 In geval van eerste oortreding: waarskuwing aangeteken op klaslys en 'n inskrywing in die leerder se skooldagboek.

3.4.2 Pas enige van onderstaande tugmaatreëls op volgende oortredings van dieselfde aard toe (na herhaalde voorkoms - tot 'n maksimum van drie (3) keer of in geval van bewustelike oortredings ook by eerste oortredings):

i) Uitskryfwerk

ii) Ekstra oefeninge

iii) Opvoedkundige gemeenskapdiens

iv) Teken enige herhaalde oortredings of bewustelike oortredings op 'n klaslys en in die leerder se skooldagboek aan, waarby ouers ook moet teken.

3.4.3 Punte mag afgetrek word vir laat indiening, nie meer as 50% nie.

3.5 Algemeen:

3.5.1 Tugtig altyd in liefde.

3.5.2 Wees konsekwent.

3.5.3 Moenie uit woede optree nie.

3.5.4 Om streng te wees, laat jou nie altyd bemind wees nie.

3.5.5 Pasop vir rigiditeit!

3.5.6 Indien 'n leerder nie die reëls met betrekking tot balspele nakom nie, kan die personeel die bal vir een (1) week konfiskeer.

**<u>SLOT</u>**

1. Hierdie gedragskode is gegrond op gereformeerde beginsels, soos dit na vore kom in die Woord van God.
2. Die beleid staan in lyn met die statutêre voorskrifte, soos dit na vore kom in:

2.1 Die Suid-Afrikaanse Skolewet (1996) - Wet nr 84 van 1996; en

2.2 Die Wet op Nasionale Onderwysbeleid - Wet nr 27 van 1996.

3. In uiterste omstandighede kan die skool, met die skriftelike toestemming van die hoofde, van die gedragskode afwyk.

Hiermee erken ons dat ons vertroud is met die skoolreëls en die dissiplinestelsel en dat ons ons hieraan verbind.

________________________________ ____________________________ _________

**HANDTEKENING VAN OUER / VOOG** **HANDTEKENING VAN LEERDER** **DATUM**

**BYLAAG: Dissiplinestelsel - Oortredings**

| **Vlak 1 (Kategorie C & D) 1 uur detensie** | **Vlak 2 (Kategorie B) 2 ure detensie** | **Vlak 3 (Kategorie A) Skorsing** |
|---|---|---|
| Kom laat in klas / by skool (x3) | * Boelie medeleerders | Diefstal |
| Swak gedrag (gekskeer/gooi voorwerpe/eet in klas) | * Bakleiery | Vandalisme |
| Oortree voorkomsreëls | Afwesig sonder ouers se medewete | Pornografie |
| Selfoonoortreding | * Vloek onderwyser / vuil taal | Ernstige aanranding |
| Klasskoonmaakbeurt sonder verskoning gemis | Verniel skooleiendom | Besit van gevaarlike wapens |
| | Glip ‘n periode | Seksuele teistering |
| | Ongemanierdheid (terugpraat/arrogant/ ongeskik) | Rassehaat |
| | Ongehoorsaamheid (praat aanhoudend/ignoreer instruksies) | |
| | Oneerlikheid | |
| | Rook (ook damprook), nikotiensakkies, gebruik van dwelms of alkohol op skoolterrein of tydens skoolaktiwiteit | |
| | Verlaat skoolterrein sonder toestemming | |
| | * Skending van skool se sosiale media-beleid, en KI-beleid | |
| *Huiswerk 3X nie gedoen nie – **kontak ouers direk*** | | |
| *Selfoongebruik – foon word gekonfiskeer, en ouers moet boete betaal en foon persoonlik kom afhaal* | | |

* Kan in sekere gevalle as ‘n kategorie A oortreding hanteer word.